

# MY SARIE MARAIS

Die liedjie My Sarie Marais is 'n tradisionele Suid Afrikaanse Volksliedjie wat moontlik geskryf is tydens die Eerste Anglo Boereoorlog (ca. 1880) of meer waarskynlik tydens die tweede ABO (1899 tot 1902). Die deuntjie is moontlik geneem van die Engelse lied "Sweet Ellie Rhee" wat die Kakie-soldate hier in Suid Afrika gesing het. Ek glo die jeug van vandag ken seker nie eers die liedjie nie, want hulle musieksmaak verskil hemelsbreed van ons jongmense s'n van baie jare gelede. Sarie Marais was amper net so gewild soos die Volkslied van destyds. Jy was nie 'n Suid Afrikaner as jy nie Sarie Marais kon sing nie.

*My Sarie Marais is so ver van my hart*

*Maar ek hoop om haar weer te sien*

*Sy het in die wyk van die Mooirivier gewoon*

*Nog voor die oorlog het begin.*

*O bring my terug na die ou Transvaal*

*Daar waar my Sarie woon...*

Die liedjie verwys na die Mooirivier by Potchefstroom, die oorlog, die verlange na die ou Transvaal, doringbome en mielielande.

*Ek was so bang dat die Kakies my sou vang en ver oor die see wegstuur...*

25.000 Boeresoldate was oorsee na kampe gestuur.

*Die Kakies is mos nes 'n krokodillepes.*

*Hul sleep jou altyd water toe.*

*Hulle gooi jou op 'n skip vir 'n lange, lange "trip"*

*Die josit weet waarnatoe...*

Die magteloosheid van die Boere gevangenes.

*Verlossing het gekom en die huis toe gaan was daar...*

Na amper 3 jaar in oorsese kampe kon hulle uiteindelik huis toe gaan. 'n Suid Afrikaanse joernalis, Jacobus Toerien, het die Afrikaanse woorde geskryf. Hy het Ellie Rhee vervang met sy eie verloofde Sarie Maré (Susanna Margaretha Maré), wat later Sarie Marais geword het. 'n Ander weergawe is dat dit verwys na Generaal Louis Botha se militêre aanhangster, Nicolaas Jacobus de Wet se vrou Ella, wat gereeld haar man op die oorlogsveld besoek het. Sy het die liedjie gereeld om die kampvuur vir die burgers gesing.

Hoewel daar verskillende verwysings is, kan met sekerheid aanvaar word dat Sarie Marais verwys na Sweet Ellie Rhee wat die Kakies gedurende die eerste en tweede ABO in Suid Afrika gesing het.

Ander volksliedjies wat ook baie gewild was is Aai Aai die Witborskraai, Jan Pierewiet, Pollie ons gaan Pêrel toe en Suikerbossie. Elke student in Suid Afrika, maak nie saak waar jy studeer het nie, het *Gaudeamus igitur, Juvenes dum sumus, Post jucundam juventutem* gesing. Dit was amper alle student se volkslied.

*Quarta Pretorius.*



Susanna Margaretha Maré



Jacobus Toerien



*Gedrigts from St. Helena at the 1st Division of War Camps of Deedsheet  
 Each foto bespreek hier sekerlyk byna alle byna alle...  
 Byna alle bespreek hier sekerlyk byna alle...*

## SLUIT ALLEEN AF



Matriekafskeid is 'n jaarlikse ritueel by skole waar meisies toegedraai is in duisende rande en onderwysers en matriekleerders saam in styl afskeid neem. Dit is 'n formele funksie waaraan elke matriekleerling, ouer en onderwyser al vanaf die begin van die jaar beplan. Hierdie jaar was deurmekaar en matrieks moes as gevolg van Covid-19 en die inperkingsperiode die grootste deel van die skooljaar tuisbly. Verskeie funksies en tradisies is reeds opsy geskuif. Asof dit als nie erg genoeg was nie, is daar nou deur die Departement besluit dat vanjaar geen matriekafskeidgeleenthede gehou mag word nie. Dit is veel belangriker om op te vang met die akademiese jaar. Verskeie skole het reeds uitnodigings uitgestuur en leerlinge het aan hulle kleredrag beplan, betaal en moontlik hang dit reeds in die kas. "Skole het in die lig van die Covid-19 pandemie saam daarop ooreengekom in 'n poging om onderwysers en leerlinge se veiligheid en gesondheid te beskerm," het Elijah Mhlanga, woordvoerder van die onderwysdepartement gesê. Die matriekleerlinge se laaste skooljaar moet nou alleen en stil afgesluit word. Daar is nog geen definitiewe antwoord van die plaaslike skole in die omgewing ontvang oor hoe hulle dit gaan hanteer nie.

## Rietspruit Bemarking

### RIETSPRUIT BEMARKING

in samewerking met

W & W BEMARKING hou

**SATERDAG 12 SEPTEMBER 2020 veiling**  
 te plaas **REINETTE HEILBRON** om **11:00.**

### OP VEILING AANGEBIED

- ◆ Meubels
- ◆ Tuingereedskap
- ◆ Implemente
- ◆ Braaiers
- ◆ Bougereedskap
- ◆ Elektriese gereedskap
- ◆ Huistoebehore
- ◆ 2 x Trekkers
- ◆ Allerlei losgoed

**Inskrywings sluit 9 September 2020.**

**Kontak Bennie 082 328 4998 of Wolter 084 407 9394**

**Internet fasiliteite beskikbaar.**

**Alle items word voetstoots verkoop.**

**Geen aankope word verwyder, voor volle vereffening van rekening nie.**

### ROETEBESKRYWING:

**Ry op Vegkoppad vir ongeveer 300m, draai regs vir ongeveer 600m, draai regs in by plaas Reinette (Volg wegwysers)**  
**Volg Rietspruit Bemarking op Facebook**

